



12 Desember 2019

**KAAPSE VERBRUIKERS EIENDOMS BEPERK  
(Registrasienuommer:1955/003218/07)  
("Kaapse Verbruikers" of "die Maatskappy)****KENNISGEWING AAN DIE KOPERS VAN KAAPSE VERBRUIKERS  
AANGAANDE DIE MOONTLIKE VERKOOP VAN DIE MAATSKAPPY SE  
ADMINISTRATIEWE FUNKSIES****AGTERGROND**

Die Maatskappy het sedert 1947, met behulp van sy kopers ("Kopers"), 'n standvastige en suksesvolle besigheid gebou.

Veranderinge in die mark en die feit dat Kopers oor die algemeen ouer word, het daartoe gelei dat die Maatskappy, soos al die ander koophulp-organisasies, onder geweldige druk moet funksioneer om 'n kompeterende produk aan te bied wat huidige Kopers behou, nuwe Kopers lok en Kopers motiveer om die Maatskappy se kaart meer aan te wend vir betaling van huishoudelike en ander aankope.

'n Opsomming van die Maatskappy se finansiële- en ledetal-statistiek, is in die addendum uiteengesit. Dit weerspieël die enorme uitdaging wat die Maatskappy tans ondervind - met beperkte omsetgroei en toenemende bedryfskoste wat lei tot 'n afname in die bonusse wat aan Kopers uitbetaal kan word.

Weens die veranderende omstandighede het die Maatskappy oor tyd die volgende strategieë ontwikkel om die volhoubaarheid en groei van die Maatskappy te verseker:

1. Die Maatskappy het die waarde-proposisie, vir die Kopers wat onder die bsmart-handelsnaam resorteer, hersien en vernuwe.
2. Die Maatskappy het vaardige personeel aangestel wat kan bydra tot 'n meer professionele beeld en diens.
3. In die afgelope twee jaar het ons meer bewus geword van groei geleenthede in nie-tradisionele besigheid. Die Maatskappy is goed toegerus om in samewerking met derde partye, kaart administratiewe dienste te lewer. Die voordele van hierdie aanbiedings is dat ons op die besigheidsidees en -initiatiewe van ander besigheidsvennote en hulle handelsmerke en kliëntebasisse kan steun, om sodoende die koste van ledewerwing aansienlik te verminder. Sulke ooreenkomste is voorheen met Sanlam Reality en School-Days aangegaan. Die Sanlam Reality-ooreenkoms is egter onlangs beëindig.
4. Daar is in tegnologiese-oplossings belê, nie net om die bedryfsfunksie van die Maatskappy te verbeter nie, maar ook om 'n pro-aktiewe en moderne aanbieding daar te stel, wat met ander kompeteerdere in die jonger en hoër-inkomste mark kan meeding. Die tegnologiese-ontwikkelinge sluit 'n selfoontoepassing, 'n aanlyn

aansoekproses (wat aan outomatiese kredietkeuring gekoppel is), 'n interaktiewe webtuiste en elektroniese rekeningstate in.

5. 'n Nuwe kaartuitreiking- en kaartbestuursplatform (naamlik Co-Switch - 'n vennootskap tussen lemas Finansiële Dienste ("lemas") en Kaapse Verbruikers) is ontwikkel sodat 'n betroubare, veilige, vernuwende en koste-effektiewe alternatief vir die vorige stelsel gebied kan word, wat groeiplanne ondersteun deur:
- Addisionele funksies en veiligheid d.m.v. PIN-funksionaliteit;
  - Buigsaamheid vir innoverende produkontwikkeling (insluitend voorafbetaalde kaartopsies);
  - Die vermoë vir aanlyn aankope;
  - Die vermoë om met enige bank of betalingsdiensverskaffer sake te kan doen.

## **DIE VERKOOP VAN DIE KAART-ADMINISTRASIE-BESIGHEID VAN KAAPSE VERBRUIKERS**

Benewens die bogenoemde strategieë, het die raad van Kaapse Verbruikers ook samewerking met ander koophulp-organisasies ondersoek met die bedoeling om die administratiewe koste per Koper te verminder, deur middel van ekonomie van skaal. Met die voorafgaande in gedagte het die Raad met lemas in gesprek getree wat aanleiding gegee het tot die oorweging om die administratiewe-funksie van die Maatskappy aan Ibelong Rewards (Edms.) Bpk. ("Ibelong"), 'n volfiliaal van lemas, te verkoop. Indien die voorgestelde transaksie deurgevoer word sal Ibelong 'n diensvlakooreenkoms met die Maatskappy aangaan en die kaartfunksie van die Maatskappy in die toekoms bestuur teen 'n vaste fooi per Koper per maand.

lemas is 'n koöperasie wat in 1937 ontstaan het. Dit is die grootste finansiële dienste-koöperasie in Suid-Afrika. lemas verskaf werk aan meer as 500 werknemers en doen besigheid vanuit meer as 29 kantore landswyd. Hulle het ooreenkomste met meer as 600 werkgewers in Suid-Afrika, wat hulle in staat stel om 'n reeks omvattende finansiële produkte en dienste, insluitend motorfinansiering, persoonlike lenings, studielenings, pensioen-gesteunde lenings, 'n koopkaart (ooreenstemmend met die bsmart-kaart) en omvattende versekeringsopsies aan werknemers te bied.

Ibelong sal dieselfde diensvlakooreenkoms as wat vir die Maatskappy beplan word, met lemas aangaan, ten einde lemas se koopkaartbesigheid te administreer. Daar sal dan gepoog word om 'n nuwe koopkaartaanbieding aan die lemas-lede, wat nog nie koopkaartlede is nie, te bied om sodoende koste-effektiwiteit te verwesenlik.

Kaapse Verbruikers sal sy huidige verhoudinge met al sy Kopers en gekontrakteerde handelsvennote behou. Daar sal geen ontwrigting wees in die diens wat gelewer word nie. Die enigste (onsigbare) verandering sal wees dat die administrasie wat voorheen self hanteer is, nou uitgekonnekteer sal wees aan Ibelong ingevolge die diensvlakooreenkoms.

Die gevolg van hierdie transaksie vir Kopers van die Maatskappy is, onder andere, 'n meer koste-effektiewe administratiewe diens wat waarskynlik tot groter bonusse en toegang tot meer produk-aanbiedings deur lemas kan lei.

Die voorgestelde transaksie sal nie enige van die huidige voordele waarop die Kopers geregtig is, beïnvloed nie. Met ander woorde –

- alle Kopers sal steeds met hulle bsmart-kaarte by alle bestaande en nuwe gekontrakteerde handelsvennote kan koop;
- die bonusuitbetalings sal voortduur en sal waarskynlik oor tyd, verhoog, met die moontlikheid van 'n addisionele bonusuitbetaling vroeg in 2020;
- die Maatskappy se huidige werknemers en bestuur sal behoue bly, alhoewel in 'n nuwe regsenteit, wat die voortbestaan van dienslewering en kundigheid sal verseker.

Die belangrikste voorwaardes van die verkoopsooreenkoms is soos volg:

1. Die bates van die Maatskappy, uitsluitend die verskuldige bedrae van Kopers aan Kaapse Verbruikers en kontant in die bank, sal teen die effektiewe datum van die voorgestelde transaksie teen die boekwaarde van ongeveer R10 miljoen aan lbelong verkoop word;
2. Kaapse Verbruikers sal al sy verpligtinge wat voor die effektiewe datum aangegaan is, vereffen;
3. Kaapse Verbruikers sal alle ooreenkomstes met kleinhandelaars behou en sal steeds verantwoordelik wees vir die betaling van Kopers se aankope aan die kleinhandelaars;
4. Al die werknemers van Kaapse Verbruikers sal oorgeplaas word na lbelong;
5. lbelong sal verantwoordelik wees vir alle bedryfsuitgawes na die effektiewe datum;
6. lbelong sal 'n diensvlakoorkoms ten opsigte van die kaartadministrasie met Kaapse Verbruikers aangaan;
7. lbelong sal die ooreengekome fooi per Koper elke maand vanaf Kaapse Verbruikers ontvang. Die fooi sal stelselmatig verminder vir die eerste drie jaar na die transaksie se aanvang, om sodoende die verwagte besparings aan die Kopers van Kaapse Verbruikers te bewerkstellig;
8. Die koopprys van die bates wat aan lbelong verkoop word, sal verskuldig bly by wyse van 'n leningsrekening waarop 'n gunstige rente-opbrengs verdien word. Die lening is aan Kaapse Verbruikers terugbetaalbaar in ooreenstemming met 'n terugbetalingsskedule.. lemas sal 'n waarborg vir die uitstaande bedrag ten gunste van Kaapse Verbruikers uitreik. Die diens wat aan Kaapse Verbruikers lede gelewer word sal soos normaal voortgaan. Weens die verwagte besparings is daar 'n sterk moontlikheid dat die bonuspersentasie wat aan lede betaal word, oor die volgende paar jaar sal groei.

Die bedoeling is om die voorgestelde transaksie vroeg in 2020 te finaliseer. Die transaksie is egter onderhewig aan sekere regulerende goedkeurings wat verkry moet word, soos byvoorbeeld, Kompetisie-kommissiegoedkeuring, wat die beplande tydlyne kan affekteer.

## KOPER-DEELNAME

Kragtens die Memorandum van die Inkorporasie van Kaapse Verbruikers, is die Raad van Kaapse Verbruikers die Aandeelhouers van die Maatskappy, en is dus geregtig daarop om die nodige transaksie goed te keur en die nodige besluite te neem om die voorgestelde transaksie te implementeer. Nieteenstaande voormelde en in die belang van deursigtigheid en goeie korporatiewe bestuursbeginsels, het die Raad en Aandeelhouers besluit dat dit raadsaam sal wees om ook die Kopers se menings oor die voorgestelde transaksie te verkry.

Om soveel as moontlik Kopers die kans te gee om hulle menings te lug oor die voorgestelde transaksie, sal Kopers die geleentheid gegun word om te stem oor die voorgestelde transaksie, deur middel van elektroniese stemme per e-pos of SMS.

Die Raad het ook besluit om 'n vraag-en-antwoord-sessie te reël indien Kopers addisionele inligting wil bekom. Die bogenoemde sessie sal plaasvind op **Dinsdag, 14 Januarie 2020 om 10:00 by Kaapse Verbruikers (bsmart) se kantore op die 3de verdieping van die Atlantic Centre-gebou, Christiaan Barnard-rylaan 14, Kaapstad.**

## WAAROM KOPERS MOET OORWEEG OM DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE TE ONDERSTEUN

'n Opsomming van die voordele wat die voorgestelde transaksie tot gevolg het, is as volg:

- Bates word gerealiseer teen die huidige boekwaarde. Die grootste deel van die Maatskappy se bates bestaan uit IT-stelsels en het geen werklike waarde in die ope mark nie.
- Die ooreenkomste met ons huidige kleinhandelaars is steeds in plek, wat die Kopers toelaat om op hulle normale wyse die bsmart-kaart te gebruik.
- Die huidige personeel sal na die nuwe maatskappy oorgeplaas word, asook die huidige administratiewe stelsels en prosedures. Kopers kan dus daarop staatmaak om met dieselfde vriendelike en kundige personeel te kommunikeer.
- As die maatskappy sowel as lemas die dienste van lbelong gebruik, sal die eenheidskoste vir die verwerking van transaksies verminder. Dit sal (volgens ons berekeninge) lei tot hoër bonusbetalings in die nabye toekoms en sal die maatskappy beskerm teen verdere verliese van kopers.
- Die kapitaal wat betaal word vir die bates van die Maatskappy, word beskerm deur 'n waarborg van lemas – wat die reserwes van die Maarskappy verseker.
- 'n Groot verskeidenheid produkte en dienste sal deur lemas aan Kopers beskikbaar wees.
- Die Raad sal voortgaan om in die beste belange van die maatskappy se Kopers op te tree en is van mening dat die voorgestelde transaksie hierdie verbintenis sal versterk.

Jy kan ten gunste van of teen die voorgestelde transaksie stem deur:

## 1. Elektronies te stem via e-pos.

- Stuur 'n e-pos aan [company.secretary@bsmart.co.za](mailto:company.secretary@bsmart.co.za) met die volgende:
  - JA, ek ondersteun die voorgestelde transaksie
  - NEE, ek ondersteun nie die voorgestelde transaksie nie
- Voeg asseblief die woord “STEM” en jou lidnommer in die onderwerpveld van die e-pos.

**OF**

## 2. 'n SMS te stuur na 32005.

Begin asseblief jou SMS met die woord “STEM” gevolg deur jou lidnommer en die woord “JA” = ek ondersteun die voorgestelde transaksie of “NEE” = ek ondersteun nie die voorgestelde transaksie nie.

Voorbeeld: STEM 475923 JA of STEM 475923 NEE

Stemme sluit stiptelik op **Dinsdag, 14 Januarie 2020 om 17:00.**

Baie dankie vir jou deurlopende ondersteuning! Ons sien uit daarna om hierdie opwindende fase saam met jou aan te pak.

**JA van Tonder CA(SA)**

**Voorsitter: Kaapse Verbruikers (Eiendoms) Beperk**

## Addendum

<b>Jaar tot 6 Julie</b>	<b>2014</b>	<b>2015</b>	<b>2016</b>	<b>2017</b>	<b>2018</b>	<b>2019</b>
Omset (Rand)	1,038,831,079	1,067,227,976	1,061,581,726	1,094,775,088	1,136,173,070	1,061,016,973
Afslag ontvang van handelsvennote (Rand)	28,805,300	30,601,356	27,7401,86	28,469,332	29,151,001	27,111,523
Administrasiekostes (Rand)	28,085,040	31,398,441	35,457,590	42,142,614	44,082,314	37,771,613
Bedrag beskikbaar vir uitkering aan Kopers (Rand)	35,214,930	36,993,384	29,739,724	26,249,201	25,839,819	26,782,689
Bedrag aan Kopers uitgekeer as bonusse (Rand)	36,011,715	37,276,614	33,724,740	29,163,046	31,894,638	27,591,020
Bonus % op kwalifiserende omset	4%	4%	3.5%	3.0%	3.0%	3.0%
Kopersreserwefonds teen jaareinde (Rand)	36,922,098	35,121,299	29,654,179	25,472,479	18,246,908	16,246,937
Aantal Kopers teen die einde van die finansiële jaar	22, 219	21, 537	20, 891	24,759	27, 678	20, 986